www.cbmc.co.za

**Bybelstudie**
**27/05/2019**

## 40 Dae Vas en Gebed

Hierdie is die laaste in ons reeks van 40 dae Vas en Gebed.

"*Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.*" HAND 1:8 AFR83

*"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."* MAT 28:19-20 AFR83

Dit doel van die 40 Dae Vas en Gebedtyd was om opnuut te fokus op bogenoemde opdragte "julle sal my getuies wees" en "gaan en maak dissipels" en om te weet ons doen dit nie in eie krag nie.

Die eerste goed beplande uitreik het reeds in Wellington plaas gevind met 24 manne waarvan 9 gaste was. 4 het oorgawes gemaak en was direk daarna opgevolg. 1 OT is alreeds bevestig. WOW!

Twee van die manne wat 'n oorgawe gemaak het is seuns van CBMCers. Wat ń wonderlike belewenis. Dit het my net weer opnuut laat besef, as ons ons gedeelte doen - bid en nooi - dan sal die Heilige Gees Sy werk doen!

*"Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het."* 1 KOR 3:6 AFR83

Ons wil bitter graag julle getuienisse hoor en dit deel met ander. Ek kan net dink hoe voel dié twee pa's vandag! Ons en die hemele jubel en juig saam met hulle!

Wat het ek die afgelope 40 dae geleer:

1. Vergifnis is 'n besluit wat ek vóóraf neem. As iemand my vandag kwaad maak of te nakom, hoef ek nie daaroor te tob nie, besluit vooraf dat jy gaan vergewe. Jesus het ons reeds vergewe, lankal. Ek moet net daarby inval. Dus vergewe ek almal vooraf en besluit ek vooraf niks wat iemand gaan sê of doen gaan my aanstoot gee nie.

   Saterdag het ons weer so ń uitdaging gehad toe daar helder oordag, met my siek dogter in die huis, by my ingebreek is en die inbrekenr met my laptop laat spaander het. Verwens ek die persoon of spreek ek hom vry?

   Dit is jammer ons het hom nie gevang het, want 'n paar jaar terug het ons 'n inbreker wat die Polisie vasgetrek het, na 'n inbraak by my, na die Here toe gelei. Weet jy hoe bevrydend is dit om dit te kan sê.

2. Kyk na elke persoon met Jesus se oë. Doen elke taak met Jesus se gesindheid. As jy met Jesus se liefde na 'n mens kyk of 'n taak aanpak, kan jy met groot verwagting uitsien na die resultaat wanneer Jesus se liefde die geleentheid het om sy werk te doen.

   Ek kyk al lankal met Jesus-liefde na my vrou, my kinders en my vriende. Wat van die res? Hoe gaan my gesindheid verander teenoor elke persoon wat ek teëkom as ek met Jesus-liefde na hulle kyk? As ek met die verwagting van totale transformasie na hom/haar kyk? Want dit is moontlik as die persoon die Heilige Gees ontvang. Dit is nie ek wat dit moet bewerkstellig nie, maar ek kan die instrument in Sy hand wees. Dit vat die druk van my af, maar plaas die verantwoordelkheid op my om my gedeelte te doen en dan te kyk wat ń wonderlike werk die Heilige Gees doen. Lees weer Hand. 1:8.

3. Leef met verwagting. Verwag dat God jou gaan seën, verwag dat Hy jou gaan gebruik. God het ń plan vir jou lewe geskryf. Hy het jou hier op die aarde geplaas vir ń tyd soos hierdie. Is jy besig om in Sy plan te leef of beperk jy God vir wat Hy deur jou kan en wil doen met allerhande verskonings?

   Dink maar aan Moses, Abraham en Gideon. Vat jou tyd en gaan sit by Sy voete en vra: "Vader wat wil U hê moet ek doen? Watter reuse moet ek in die geloof aanvat? Wat is U verwagting vir my? Ons ken almal die skrifgedeeltes, Jer 29:11, Joh 10:10 en Deut 28:1-14. Kom ons glo dit 'n slag en doen dan dit wat Hy wil hê ons moet doen.

Geseënde pinkstertyd en mag jy opnuut krag ontvang van Heilige Gees.

Seëngroete

***Frik Janse van Rensburg***

## VERJAARDAE:

**Mei**

27 Jean de Villiers, Dave Dunn, Derik Kloppers, Rudi le Roux

28 Pierre Beukes, Johan Bouwer

29 Jean le Roux, Russell McCracken, Les Turner, Renier van Coller

30 Anton Strydom

31 Eddie Brown, Marius Roux, Ben van Rensburg, Richard Visagie

**Junie**

01 Willa Schoeman

02 Oupa Baloyi, Radie Heyns, Hendrik Kotze

## KALENDER:

Bid asb vir die volgende:

- 40 dae **Vas en Gebed** 19 April - 30 Mei

  **BEPLANDE UITREIKE**

  - Stellenbosch De Zalze & Tegnopark, 29 Mei
  - Mokopane & Polokwane, 29 Mei (aand)
  - Malmesbury, 30 Mei
  - Brackenfell Plaaskombuis, 30 Mei
  - Woodmead, Johannesburg, 30 Mei
  - Brackenfell Coffee Rock, 31 Mei
- **BIDDAG**, Helderberg, Gordonsbaai Angling & Yacht Club, 30 Mei
- CBMC **Uitreik** Strand, 19 Julie
- **Global Leadership Summit 2019** https://willowcreeksa.co.za/gls2019/ (kaartjies ook beskikbaar by Piet Swart 082 962 8926 (piet@groen96.co.za))
- CBMC **Afrika-konferensie**, Kenya 17-19 Oktober (http://www.cbmcafrica.com) *One-Pager* ook ingesluit.

CBMC Bankbesonderhede:
Rekeninghouer: CBMC Bank: FNB
Rekeningnommer: 6236 1233 176 Takkode: 201410

Snap here to pay
SnapScan